18 November 1996

# OPE BRIEF

Dr F van Zyl Slabbert
IDASA
Posbus 32804
BRAAMFONTEIN, 2017

Geagte dr Slabbert

U sal uit meegaande uitgawe van *Die Afrikaner* opmerk dat die hoofberig gaan oor IDASA se "Conservative Dialogue Programme" (CDP) van 1992-94 wat in belang van die Nasionale Party (NP), die ANC-SAKP-alliansie en buitelandse instansies uitgevoer is om die volksverraad teen die Afrikanerdom te laat slaag.

Uit die berig sal u ook sien dat daar verwys word na stellings dat IDASA 'n front van die NP was/is. Die motiewe en oogmerke van die CDP stem opvallend ooreen met dié van die NP en versterk die opvatting dat IDASA wel 'n front van die NP was/is.

U sal sien dat dit in die berig gestel word dat:

- Die Conservative Dialogue Programme (CDP) deur IDASA geloods is om regse verset teen die De Klerk-regering se politieke verraad te demp en moontlike opstand onder leiding van die Boerekrisisaksie te verhoed.

Blaai om.....

- Prof Abraham Viljoen, voormalige kandidaat van die huidige Demokratiese Party (DP), en broer van genl Constand Viljoen, as koördineerder van die CDP aangestel is, en van hom amptelik deur IDASA gesê is dat "although progressive (dws links) Abraham Viljoen has always kept in regular contact with the rightwing, primarily through his membership of the Transvaal Agricultural Union, the bulwark of conservatism in Transvaal. Equally he has strong links with the Black political community, especially the ANC".

- Die loodskomitee van die CDP bestaan het uit mnr Ivor Jenkins, Jurgen Kogl, prof Viljoen en uself (as voorsitter). Mnr Jenkins het die sekretariaat van die operasie op hom geneem.

- Prof Viljoen gou aanknoping gevind het by lede van die Konserwatiewe Party (KP), onder andere dr Ferdi Hartzenberg, mnr Daan du Plessis, mnr Chris de Jager, mnr Daan van der Merwe en mnr Z B du Toit, destyds redakteur van die KP se mondstuk *Patriot* en andere.

- Hy mnr Dries Bruwer, president van die Transvaalse Landbou-unie (TLU) en dr Piet Gous, president van die Vrystaatse Landbou-unie (VLU) as die sterkste figure in die KP beskou het en hulle uitgesonder het vir spesiale aandag, sodat hy deur hulle verbintenis met die KP en dié twee landbou-unies regstreeks toegang tot die leiers van die Boerekrisisaksie (BKA) gekry het om dié organisasie te beïnvloed om gewelddadige verset af te sweer en afgestem te word tot vredesonderhandelings met die ANC-SAKP.

- Die voorvereiste was dat van KP-kant die parlementêre stryd teen die De Klerk-regering se politieke verraad gestaak word en daar dus afgesien word van tussenverkiesings en algemene verkiesings, waardeur die onderhandelingsproses versteur kon word.

Blaai om ……….

- IDASA as beweerde front van die NP-regering waarskynlik deurgaans geheime skakeling gehad het met genl Tienie Groenewald, selferkende outeur van De Klerk se Rooi Vrydag-toespraak, 'n waarskynlike agent van Militêre Intelligensie en destyds hoofuitvoerende beampte van die VEKOM-groep; en dat op die gewenste tyd daar 'n koppeling bewerkstellig is tussen "die generaals", mnr Dries Bruwer, dr Piet Gous, die KP-leiding, VEKOM en die geheime organisasie Toekomsgesprek (TG) waaruit die Afrikanervolksfront tot stand gekom het om Afrikaners aan die regterkant in te skakel by die politieke verraad van die De Klerk-bewind en hulle tot vredesonderhandelings met die ANC-SAKP te laat toetree.

- IDASA finansiële steun vir die CDP gevra het van buitelandse moondhede, en groot bedrae ontvang het van die Kanadese en die Hollandse regerings.

- IDASA sodoende onder u leiding 'n groot rol gespeel het om die Afrikanervolk te mislei tot oorgawe aan 'n Kommunisties-beheerde terroriste-organisasie wat nie die terroriste-oorlog kon wen nie, en nou hierdie land met rasse skrede tot agterlikheid laat verval.

- Die "miracle" waaroor so gesanik word, gewoon die resultaat van linkse gekonkel en sekere "regse" verraderlikheid is.

Die Hoofbestuur van die HNP het op 16 November daarvan kennis geneem dat die HNP rakelings met prof Viljoen, die koördineerder van die Conservative Dialogue Programme, te doen gehad het, maar nie enigsins by dié program betrokke geraak het nie, blykbaar omdat dié party nie "gematigd" genoeg is nie.

Die inhoud van dié berig in *Die Afrikaner* gaan landwyd versprei word deur die HNP. Daar sal enkele toevoegings aan gemaak word, soos byvoorbeeld:

Blaai om.........

1. Dat genl Constand Viljoen van die Vryheidsfront, mnr Ivor Jenkins van IDASA en mnr Roelf Meyer van die NP op staatskoste na Kanada gestuur is om oënskynlik navrae te doen oor aspekte van die Kanadese grondwet, maar meer waarskynlik om die Kanadese regering te bedank vir die finansiële steun aan die CDP.

2. Dat u as hoof van die loodskomitee van die CDP by die inhuldiging van die huidige staatspresident een van die klein groepie eregaste aan die hooftafel was, blykbaar uit erkenning van u bydrae tot die CDP.

3. Dat toe genl Viljoen onlangs 'n gesprek met die voorsitter van die Waarheids- en Versoeningskommissie gehad het, hy deur u vergesel was, wat blykbaar dui op 'n voortgesette politieke verhouding tussen IDASA en die Vryheidsfront (VF), as gevolg van die bande wat deur die CDP tussen hierdie erkende linkse politieke groep en "die generaals" van die Vryheidsfront tot stand gebring is.

As u enige stellings of afleidings hierin of in die berig in *Die Afrikaner* wil betwis, sal ek graag daarvan verneem.

Met agting, die uwe

J A MARAIS
LEIER VAN DIE HNP

Naskrif: 'n Afskrif hiervan gaan aan prof Abraham Viljoen en genl Constand Viljoen.